

OP SOEK NA GESKIEDENIS AS GEHEUE

Vir menige laat twintigste eeuse historikus is dit moeilik om aldag te verstaan presies watter denkprosesse intellektuele omwentelinge in die moderne geskiedenis van die wêreld veroorsaak het. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat ons dit waarmee ons besig is, as te vanselfsprekend aanvaar. Die historiese omvormings van menslike geheue is 'n sprekende voorbeeld. In sy studie oor die tema maak P.H. Hutton die prikkelende opmerking, dat:

Print culture textualised the past. By removing ideas, personalities, and events from the milieu of oral tradition and giving them a specific time and place in collective memory, texts enabled readers to comprehend the history of the past in a more profound way. The textualizing of collective memory deepened the readers' awareness of temporality, and this in turn led to the recasting of mnemonic schemes, previously conceived spatially; onto timelines on which historical events served as places of memory.¹

Die historiografiese ontsluiting van hierdie denkprosesse is reeds 'n geruime tyd aan die gang.² In Frankryk hetveral historici wat hulself met intellektuele geskiedenis (*histoire mentalité*) besig gehou het, die weg vir die vroegste eksperimentele navorsing voorberei. Hutton beskryf hierdie ontwikkelingstendens in 'n artikel wat in hierdie uitgawe van *Historia* gepubliseer word.

Moontlik sal die belangstelling van die leser geprikkel word om in die proses ook kennis te neem van Jacques le Goff se *History and memory* wat reeds in 1977 gepubliseer is, maar eers in 1992 in Engels verskyn het. Vir Le Goff wat 'n uitgesproke voorstander is van vergelykende studies kan die fokus op geheue moontlik nuwe weë baan vir historici wat weier om bloot binne 'n Europese of Westerse historiografiese tradisie vasgevang te bly.³ Die kreatiewe potensiaal van die interaksie tussen geskiedenis en geheue is onlangs deur Simon Schama in die studie *Landscape and Memory* bewys.⁴

'n Aksent op geheue is tans belangrik om twee uiteenlopende redes. In die eerste plek gaan dit om die oopstelling van potensiële simbiotiese terreine van interaksie tussen historici in die geskiedenisopname van ons heterogene Suid-Afrikaanse samelewning. In die tweede plek is dit moontlik nodig vir historici om kennis te neem van die snelle ontwikkeling wat op die terrein van rekenaar- en internettegnologie plaasgevind het. Dit was in 'n groot mate die resultaat van nuwe tegnieke wat rondom kunsmatige geheue ontwikkel is. In die lig daarvan is dit vir ons nodig om stil te staan en oorweging te skeenk aan 'n verwante denkfunksie - menslike geheue - wat vir die dissipline van geskiedenis intrinsieke waarde het.

P.H. HUTTON, *History as an art of memory*, (University of New England Press, Hanover, 1993), p. 19.

2 As voorbeeld van die jongste tendense op die terrein van kollektiewe herinnering, kyk S.A. CRANE, "Writing the individual back into collective memory" in *American Historical Review*, Desember 1997, pp. 1372-85.

J. LE GOFF, *History and memory* (Vertaal deur S. Randall en E. Claman, Columbia University Press, New York, 1992) p. x.

4 Alfred Knopf, New York, 1995.